**Verhoef, P A 1993 — Profete en profesie.**

Kaapstad: Lux Verbi. 135 bladsye. Prys: R53-50.

**Resensent: Prof L C Bezuidenhout**

In hierdie publikasie word gekyk na profete en profesie as verskynsel binne en buite die Bybel. Daar word rekening gehou met die godsdienshistoriese benadering, die godsdiensfenomenologiese benadering, die literêr-wetenskaplike benadering en die teologiese benadering. Die outeur kies die benaming 'Bybels' om sy eie benadering te beskryf. Hiermee bedoel hy dat hy die Bybel self aan die woord wil stel.

Die boek word verdeel in vyf hoofstukke, naamlik:

* Profete en profesie buite Israel
* Die ware profete in die Ou Testament
* Die 'vals' profete
* Profete en profesie by die later Jode en in die Nuwe Testament
* Enkele slotopmerkings.

'n Uitgebreide literatuurlys word aan die einde gegee wat aanduiding gee daarvan dat die outeur beslis goed bekend is met die onderwerp waaroor hy skryf. Die kategorisering van die stof berus op goeie insig. Die boek bevat talle interessante gegewens wat vir die leek en die vakwetenskaplike van nut sal



Digitised by the University of Pretoria, Library Services